

# Warm kunswerke

Winter is die seisoen van die immergroen Fair Isle-trui. Brei dié maklike ontwerpe voor die kaggel. Deur Retha Krieg



Ontwerp deur PINGOUIN-ateljee; foto's Rob Pollock  
Modelle Linda en Michelle van LMAgencies

## BENODIGDHEDE

Pingouin Aran Knit (50 g-bolle); vir elke trui: 14(16) bolle Aran wit (kleurnr. 01, A), 4 bolle Granate (rooibruin, 11, B) of Fern (donkergroen, 10, B), en 1 bol Taupe (grysbruin, 08, C); 'n paar Pony-breinaalde van 4 mm en 4,50 mm; rondbreinaalde van 4,50 mm en 5 mm wat 80 cm lank is, en 3 korter Ponyrondbreinaalde van 4 mm, 4,50 mm en 5 mm, of 'n stel elk tweepunt-naalde van dieselfde diktes, 4 mm, 4,50 mm en 5 mm; 4 stekehouders.

## MATE

Albei truië pas borsmaat van 82-87(92-97) cm lossies; ware grootte borsmaat 108(122) cm; lengte tot halsrand van agterpant 68,5(71) cm; mounaat 43(46) cm.

Die truië op die foto word gedra deur modelle met 'n borsmaat van 87 cm.

## AFKORTINGS

alt - alternatiewe  
aw - brei aweregs  
d-rif - dubbelriffelsteek  
beg - begin  
grtgso - glip 1 st, r1 st, trek  
glipsteek oor  
herh - herhaal  
ks - koussteek  
N(e) - naald(e)  
oorbl - oorblywende  
pat - patroon  
r - brei regs  
R(V)K - regte (verkeerde) kant van werk  
rif - riffelsteek  
rifsgw - riffelsgewys  
tes - tesame  
vermeer - vermeerder  
vermin - verminder  
weersk - weerskante

## SPANNING

Doen 'n spaningstoets: 18 ste en 24 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4,50 mm-breinaalde; die regte spanning is belangrik,

# weer die koue af

indien daar te min stek in jou toetslappie is, moet dunner en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

## GEBRUIKTE STEKE

ks - r 1 ry, aw 1 ry  
ks in rondtes - elke ry r  
d-rif - dubbelriffelsteek, r2, aw2  
deurgaans  
Fair Isle - brei ks volgens diagram.

Let wel: omdat die skouerstuk op 'n rondbreinaald of met 'n stel tweepunt-Ne gebrei word, moet elke ry van regs na links gelees word.

Albei truië word volgens dieselfde grondpatroon gebrei, maar met 'n skouerstuk volgens diagram 1 of 2 na keuse.

## AGTERPANT

Gebruik 4 mm-Ne en A, stel 94(106) ste op en brei 7 cm d-rif, beg en eindig die 1e (RK-) ry met, r2. Eindig met 'n VK-ry, en vermeer 1 st aan beg en einde van laaste ry - 96(108) ste. Slaan oor na 4,50 mm-Ne en brei reguit ks tot werk 42(44,5) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry; plaas ste op 'n houer.

## VOORPANT

Soos agterpant.

## MOUE (2)

Gebruik 4 mm-Ne en A, stel 42(46) ste op, brei 5 cm d-rif soos vir agterpant, eindig met 'n VK-ry. Slaan oor na 4,50 mm-Ne en ks, vermeer 1 st aan weersk van elke vlg 4e ry 21(20) keer, daarna elke vlg 2e ry 0(5) keer - 84(96) ste.

Brei reguit tot werk 43(46) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry en plaas ste op 'n houer.

## SKOUERSTUK

Let wel: indien nodig, slaan hier oor van 80 cm-rondbreinaald tot korter naald, of stel van 4 brei-

naalde. Gebruik 4,50 mm rondbreinaald en A, glip en r 96(108) ste van houer aan agterpant, plaas 'n merker, 84(96) ste van houer aan bokant van een mou, plaas merker, 96(108) ste van houer aan voorpant en 84(96) ste van laaste houer - 360(408) ste.

Heg werkdraad vas en plaas 'n merker om beg van rondte aan te dui.

Vlg (vermin-) rondte: \*grtso, r tot laaste 2 ste voor vlg merker, r2tes; herh van \* tot einde van rondte - 352(400) ste.

Vlg rondte: Deurgaans r.

Herh laaste 2 rondtes nog 5 keer - 312 (360) ste.

### Voltooi skouerstuk volgens diagram 1 só:

Slaan oor na 5 mm-rondbreinaald en brei die eerste 9 rondtes van Fair Isle-pat. Keer terug na 4,50 mm-Ne en r vlg rondte.

Vermin-rondte: \*r3, r2tes, [r2(3), r2tes] 2 keer; herh van \* tot einde - 240(288) ste. Slaan oor na 5 mm-Ne en brei vlg 20 rondtes Fair Isle (= rondtes 12-31) volgens diagram.

Slaan oor na 4,50 mm-Ne en brei vlg rondte.

Vermin-rondte: \*[r1(2), r2tes] 2 keer, r2, r2tes; herh van \* tot einde van rondte - 168(216) ste.

Slaan oor na 5 mm-Ne en brei laaste 9 rondtes van Fair Isle-diagram.

Slaan oor na 4,50 mm-Ne en A en gaan so voort:

Vlg rondte: Deurgaans r.

Vermin-rondte: \*r5(1), r2tes; herh van \* tot einde - 144 ste.

Vlg 3 rondtes: Deurgaans r.

### Voltooi skouerstuk volgens diagram 2 só:

Slaan oor na 5 mm-rondbreinaald en brei die eerste 12 rondtes van Fair Isle.

Slaan oor na 4,50 mm-Ne en r vlg rondte.

Vermin-rondte: \*r3, r2tes, [r2(3),

r2tes] 2 keer; herh van \* tot einde van rondte - 240(288) ste.

Slaan oor na 5 mm-Ne en brei vlg 2 rondtes van Fair Isle-pat (= 15e en 16e) volgens diagram. Slaan oor na 4,50 mm-Ne en r vlg rondtes, nl 17 en 18.

Slaan oor na 5 mm-Ne en brei vlg 6 rondtes van Fair Isle (= 19e en 24e op diagram).

Keer terug na 4,50 mm-Ne en r 25e en 26e rondte.

Slaan oor na 4,50 mm-Ne en r 29e ry.

30e (vermin-)rondte: \*[r1(2), r2tes] 2 keer, r2, r2tes; herh van \* tot einde - 168(216) ste.

Slaan oor na 5 mm-Ne en brei

laaste 12 rondtes volgens Fair Isle-diagram.

Slaan oor na 4,50 mm-Ne en A en brei só voort:

Vlg rondte: Deurgaans r.

Vermin-rondte: \*r5(1), r2tes; herh van \* tot einde - 144 ste.

Vlg 3 rondtes: Deurgaans r.

Vlg (vermin-) rondte: \*r1, r2tes; herh van \* tot einde - 96 ste.

Vlg 3 rondtes: Deurgaans r.

Slaan oor na 4 mm-Ne en brei 18 cm d-rif. Heg lossies, rifsgw af.

## AFWERKING

Blok pante volgens mate, bedek met 'n klam lap en laat droog word.

Werk sy- en mounate toe. □

